

NOVEMBER 2010

AGTERGRONDINLICHTINGS  
DOKUMENT

OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGS  
PROSES  
NOORD-KAAPPROVINSIE  
VERSTERKINGS  
PROJEK

**VOORGESTELDE AGGENEIS-ORANJEMOND  
400 kV TRANSMISSIE Kraglyn  
EN DIE OPGRADERING VAN SUBSTASIES,  
NOORD-KAAPPROVINSIE**

'N ESKOM INISIATIEF



Eskom Holdings Beperk stel voor die oprigting van 'n nuwe 400 kV transmissielyn wat die Aggeneis en Oranjemond substasies in die Noord-Kaapprovinsie oor 'n afstand van sowat 240 km sal verbind. Die beoogde projek sluit in die opgradering van albei substasies ten einde die nuwe transmissielyn te akkommodeer. Die hele studiegebied val in Eskom se Westelike Kragrooster en maak deel uit van die Noord-Kaapse Versterkingsprojek. Die aard en omvang van hierdie projek word van naderby in hierdie dokument ondersoek.

## DOEL VAN HIERDIE AGTERGRONDI N LIGTINGSDOKUMENT

Hierdie dokument poog om u, as 'n belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP), te voorsien van:

- » 'n oorsig van die komponente van die Aggeneis-Oranjemond 400 kV transmissie kraglyn projek.
- » 'n oorsig van die Omgewingsimpakevalueringproses (OIE) en studies wat onderneem word om die voorgestelde projek te evalueer.
- » besonderhede van hoe u by die OIE-proses betrokke kan raak, inligting kan ontvang of vraagstukke kan opper wat u dalk kan raak en/of vir u van belang kan wees.

## OORSIG VAN DIE VOORGESTELDE PROJEK

Eskom Holdings Beperk is verantwoordelik vir die verskaffing van betroubare en bekostigbare elektrisiteit aan sy verbruikers in Suid-Afrika. Elektrisiteit kan nie geberg word nie, dus moet dit benut word wanneer dit opgewek word. Vir hierdie rede moet elektrisiteit doeltreffend oorgebring word van waar dit opgewek word tot by die eindverbruiker.

Vir Eskom Transmissie om sy mandaat en verbintenis gestand te doen om aan die immergroeiende behoeftes van sy eindverbruikers te voldoen, moet Eskom sy infrastruktuur met betrekking tot opwekkingsvermoë en transmissie kraglyne op 'n deurlopende grondslag beplan, vestig en uitbrei ten einde steun aan die opwekkingsproses te bied. Dit is absoluut noodsaaklik dat transmissievermoë tred hou met die opwekkingsvermoë en die vraag na elektrisiteit.

'n Groot gebied van Namakwaland word via die Nama Substasie, Gromis Substasie en die Oranjemond Substasie bedien. Die 220 kV lyn vanaf Aggeneis na Nama, Nama na Gromis en Gromis na Oranjemond bedien byna die hele gebied in die omstreke van Namakwaland. Dit is die enigste hooftoevoer na die Nama, Gromis en Oranjemond substasies. Die netwerk rondom hierdie drie substasies kan nie teruggekoppel word nie, aangesien hulle nie aan enige netwerk verbind is

nie. Onderbrekings in toevoer kan dus nie voorkom word wanneer die Aggeneis–Nama 220 kV lyn se toevoer af is nie.

Ingevolge die kriteria vir netwerkbetroubaarheid, soos in Maart 2008 deur NERSA goedgekeur, word voldoening aan die N-1 kriterium verlang. Eskom Transmissie doen dus die volgende aan die hand om aan die N-1 sekerheidsstandaard te voldoen:

- » Rig 'n 400 kV transmissielyn oor 'n afstand van 240 km op, vanaf die Aggeneis tot by die Oranjemond Substasie
- » Vergroot die HS-werwe by die Aggeneis sowel as die Oranjemond substasies
  - \* Rig 4 x 400 kV voerdervakke by die Aggeneis Substasie op
  - \* Rig 2 x 220 kV voerdervakke by die Aggeneis Substasie op
  - \* Rig 1 x 220 kV voerdervak by die Oranjemond Substasie op

Die voorstel is dat die transmissielyn as 'n 400 kV lyn opgerig, maar vir die eerste 5-10 jaar teen 220 kV bedryf sal word. Drie tegniese uitvoerbare alternatiewe roete-belyningskorridors is vir oorweging tydens die OIE-proses geïdentifiseer. Dit word op die meegaande kaart weergegee. Indien die projek deur die Nasionale Departement Omgewingsake (DEA) goedgekeur word, sal Eskom dan 'n onderhandelingsproses om 'n serwituut te bekom met alle geaffekteerde grondeienaars aanknoop. Die onderhandelingsproses om 'n serwituut te bekom sal onafhanklik van die OIE-proses geskied en sal regstreeks deur Eskom Transmissie onderneem word.

## OMGEWINGSIMPAAKEWALUERINGSPROSES

Ingevolge Hoofstuk 5 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA) (Wet 107 van 1998) word *“die oprigting van aanlegte of infrastruktuur vir die oorbring en verspreiding van elektrisiteit met 'n vermoë van 275 kilovolt of meer, buite 'n stedelike gebied of industriële kompleks”* gelys as 'n aktiwiteit waarvoor 'n OIE benodig word (Staatskennisgewing R545, Item 8 van Lystingskennisgewing 2). Eskom verlang dus magtiging van die Nasionale Departement Omgewingsake (DEA), in oorleg met die Noord-Kaapse Departement Omgewings- en Natuurbewaring (DENC), vir die onderneming van die voorgestelde projek. Ten einde magtiging te verkry, erken Eskom die behoefte vir omvattende, onafhanklike omgewingstudies wat ingevolge die OIE-regulasies onderneem moet word. Hierdie projek is by die DEA geregistreer onder Aansoekverwysingsnommer 12/12/20/2041.

'n OIE is 'n doeltreffende beplannings- en besluitnemingswerktuig. Dit bring mee dat die

omgewingsverwante gevolge wat voortspruit uit die oprigting en bedryf van 'n tegniese aanleg, geïdentifiseer en na behore bestuur word. Dit stel die ontwikkelaar in staat om vooraf gewaarsku te wees teen potensiele omgewingsvraagstukke en maak voorsiening vir dialoog met geïdentifiseerde partye.

Eskom het Savannah Environmental aangestel as onafhanklike konsultante om 'n Bestekopname- en Omgewingsimpakevaluering te onderneem ten einde alle gepaardgaande potensiele omgewingsimpakte betreffende die voorgestelde projek vir die geïdentifiseerde gebied te identifiseer en te evalueer, en om gepaste versagende maatreëls in 'n Omgewingsbestuursplan (EMP) voor te stel. As deel van hierdie omgewingsstudies, sal B&GP's aktief betrokke raak deur die openbare deelnameproses.

Die fases van 'n OIE is:



## OIE PROSES

### WAT IS DIE POTENSIËLE OMGEWINGSIMPakte WAT MET DIE VOORGESTELDE PROJEK GEPAARDGAAN?

'n Aantal potensiele omgewingsimpakte (maatskaplik en biofisies) wat gepaardgaan met die voorgestelde projek is geïdentifiseer. Dit sluit die volgende in:

- » Impakte op die maatskaplike omgewing, insluitend grondgebruik en toerismepotensiaal
- » Impakte op ekologie, fauna en flora
- » Impakte op avifauna (voëllewe)
- » Impakte op erfenisterreine
- » Impakte op visuele gehalte en estetika
- » Impakte op landboupotensiaal
- » Impakte wat met die erosiepotensiaal van die terrein verband hou

Hierdie spesialisstudies sal in die volgende twee fases onderneem word:

1. 'n Kantoor (desk-top) Bestekopnamestudie, waartydens potensieële vraagstukke wat met al die geïdentifiseerde alternatiewe gepaardgaan, geëvalueer sal word.
2. 'n Gedetailleerde evaluering van potensieel wesenlike impakte wat tydens die Bestekopnamefase geïdentifiseer is. 'n Vergelykende evaluering van al die geïdentifiseerde uitvoerbare alternatiewe sal onderneem word. Praktiese en uitvoerbare versagende maatreëls sal aanbeveel word ten einde potensieel wesenlike impakte wat geïdentifiseer is, te verminder. Hierdie aanbevelings sal in 'n konsep Omgewingsbestuursplan (EMP) vir hierdie projek vervat word.

Die potensieël omgewingsimpakte wat gepaardgaan met die nie-onderneming van die voorgestelde projek sal ook deur die OIE-proses ondersoek word. Spesialisstudies sal toegelig word deur bestaande inligting, veldwaarnemings en insette wat uit die openbare deelnameproses voortspruit. As 'n B&GP, word u insette as 'n belangrike deel van hierdie proses geag, en ons moedig u aan om betrokke te raak.

## OPENBARE DEELNAMEPROSES

Die deel van inligting vorm die grondslag van die openbare deelnameproses en bied u die geleentheid om uit die staanspoor aktief by die OIE betrokke te raak. Kommentaar en insette van B&GP's tydens die OIE-proses word aangemoedig ten einde te verseker dat oorweging geskenk word aan potensieël impakte binne die omvang van die studie.

Die openbare deelnameproses poog om te verseker dat:

- » inligting wat al die tersaaklike feite met betrekking tot die aansoek bevat, aan B&GP's beskikbaar gestel word vir oorsig.
- » deelname deur potensieël B&GP's op so 'n wyse gefasiliteer word dat B&GP's 'n redelike geleentheid gegun word om kommentaar te lewer oor die aansoek.
- » toereikende besigtigingstydperke aan B&GP's gebied word om kommentaar te lewer oor die bevindinge van die konsep Bestekopname- en OIE-verslag.

Ten einde doeltreffende deelname te verseker, sluit die openbare deelnameproses die volgende stappe in:



## U VERANTWOORDELIKHEDE AS 'N B&GP

Ingevolge die OIE-regulasies, word u aandag gevestig op u verantwoordelikhede as 'n B&GP:

- » Ten einde aan hierdie OIE-proses deel te neem, moet u uself op die projek se databasis registreer.
- » U moet toesien dat enige kommentaar rakende die voorgestelde projek binne die gestipuleerde tydraamwerke ingedien word.
- » Daar word van u verlang om enige regstreekse sake-, finansiële-, persoonlike- of ander belang wat u dalk mag hê in die goedkeuring of afkeuring van die aansoek vir die voorgestelde projek, bekend te maak.

## HOE OM BETROKKE TE RAAK

1. Deur te reageer (telefonies, per faks of per e-pos) op ons uitnodiging vir u betrokkenheid wat in plaaslike koerante geadverteer is.
2. Deur die aangehegte Antwoordvorm aan die tersaaklike kontakpersoon terug te besorg.
3. Deur die vergaderings by te woon wat gedurende die verloop van die projek gehou sal word. As 'n geregistreerde B&GP sal u outomaties uitgenooi word om hierdie vergaderings by te woon. Datums vir openbare vergaderings sal ook in plaaslike en streekkoerante geadverteer word.

4. Deur die konsultante te kontak met navrae of kommentaar.
5. Deur oorsig en kommentaar te bied oor die konsep Bestekopname- en OIE-verslag, en wel binne die gestipuleerde 30-dae oorsigtydperke.

Indien u usef as 'n B&GP vir hierdie voorgestelde projek ag, moedig ons u aan om gebruik te maak van die geleenthede wat geskep word deur die openbare deelnameproses om kommentaar te lewer of daardie vraagstukke of knelpunte te opper wat u raak en/of waarin u belangstel en waaroor u meer inligting verlang. U insette in hierdie proses vorm 'n belangrike deel van die OIE-proses.

Deur die meegaande Antwoordvorm in te vul en in te dien, registreer u usef outomaties as 'n B&GP vir hierdie projek en verseker u dat kennis geneem word van u kommentaar, knelpunte of navrae wat betreffende die projek geopper word.

## KOMMENTAAR EN NAVRAE


Rig alle kommentaar, navrae of antwoorde aan:

Savannah Environmental  
Kontak: Alicia Govender  
Tel: 011 234 6621  
Faks: 086 684 0547  
E-pos: [alicia@savannahsa.com](mailto:alicia@savannahsa.com)  
Posbus 148, Sunninghill, 2157

Vir dokumentasie wat met die projek gepaardgaan, besoek

[www.savannahSA.com](http://www.savannahSA.com)

# Aggeneys - Oranjemond Locality Map



**Legend**

- ▲ Substation
- ▭ Study Area
- Powerline Alternatives**
  - Corridor 1
  - Corridor 2
  - Corridor 3
- ▭ Province Boundaries
- ~ Rivers
- ~ Waterbodies
- Towns
- Roads**
  - National Route
  - Main Route
  - Regional Route
  - Street
  - Railways

